Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum AOO




# AOO Kwartaal 2: Huistoe-neem pakket

## Lewensvaardighede

## Graad 6

**LEWENSVAARDIGHEDE – Hulpbron Materiaal**

**Aktiwiteit 1:**

Lees die volgende scenario oor groepsdruk en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.




1.1 Wat is die naam van die persoon wat jy dink onderdruk geplaas word in die scenario. (1)

___________________________________________________________________

1.2 Wat probeer die seun, met die blikkie in sy hand, vir die ander een dwing om te doen? (1)

___________________________________________________________________

1.3 Is die gebruik van alkohol goed vir jong kinders? Gee redes vir jou antwoord. (3)

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

1.4 Noem die tipe afknouery/boeliegedrag? (1)

___________________________________________________________________

1.5 As jy vir Ricardo advies kon gee, wat sou dit wees? (1)

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

**Aktiwiteit 2:**

Pas die definisies in **Kolom A** met die korrekte term in **Kolom B** en skryf die korrekte **LETTER** in **Kolom C.**

| Kolom A | Kolom B | Kolom C |
|---|---|---|
| 2.1 Boeliegedrag | A. Dinge wat jy goed kan doen | 2.1 |
| 2.2 Groepsdruk | B. Om eer en respekwaardig te wees. | 2.2 |
| 2.3 Rites van deurgang | C. Wanneer iemand jou forseer om iets te doen wat jy nie wil doen nie. | 2.3 |
| 2.4 Waardigheid | D. Dit is 'n belangrike gebeurtenis wat gebeur in 'n stadium van ontwikkeling of groei in ons lewens. | 2..4 |
| 2.5 Vermoëns | E. Wanneer iemand probeer om 'n ander persoon doelbewus seer of bang te maak of ontstel. | 2.5 |

**Aktiwiteit 3: Meervoudige keuse**

Gebruik die QR-kode om hierdie vraag te beantwoord:

| Link | QR code |
|---|---|
| Aktiwiteit 3.1: | |
| Aktiwiteit 3.2: | |

**Aktiwiteit 3: (Alternatiewe aktiwiteit, indien jy geen toegang het tot QR scanner nie)**

Kies EEN antwoord wat die geskikste vir die volgende is:

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| Verbale Afknouery<br>Fisiese Afknouery<br>Sosialle Afknouery<br>Kuber Afkouery | Aqiqah<br>Bar Mitzvah<br>Troue<br>Vivaha | Christenskap<br>Islam<br>Boeddhisme<br>Judaïsme |
|  |  |  |
| Verbale Afkouery<br>Fisiese Afkouery<br>Sosialle Afknouery<br>Kuber Afknouery | Aqiqah<br>Bar Mitzvah<br>Troue<br>Vivaha | Islam<br>Boeddhisme<br>Judaïsme<br>Christenskap |

**Aktiwiteit 4: Vul die ontbrekende woorde in.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| onsekerheid | beeld | isolasie | afknouery |
| vergroot | teruggetrokkenheid | depressie | saam |

Wat gebeur as die boeling voortgaan? Voltooi die teks met die woorde uit die lys hierbo.

Dit beinvloed die tiener se self ______________ en die gevoel van eiewaarde.

Dit ______________ hulle sosiale________________. Laat ons ________________ staan om 'n eiende te maak aan tiener _________________. Dit kan lei tot _________________ en __________, angstigheid en _________________.

**Aktiwiteit 5:** **Boeliegedrag/Afknouery**

Kleur in die volgende akroniem om jou te herinner, om met goeie bedoelings te praat.

(Akroniem: is wanneer jy die eerste letter van 'n woord gebruik om jou te help om belangrike punte te onthou).

## Before you speak/Dink vooraf

### THINK

| | | |
|---|---|---|
| T | = is it True? | is dit waar? |
| H | = is it Helpful? | Help dit? |
| I | = is it Inspiring? | is dit Inspirerent? |
| N | = is it Necessary? | is dit nodig? |
| K | = is it Kind? | klink dit gaaf? |

5. As jy dink dat jy skuldig is aan afknouery, bespreek drie dinge wat jy kan doen om dit te verander?

1.

2.

3.

**<u>Aktiwiteit 6</u>: Boeliegedrag Gevallestudie**

Thandeka was 'n nuwe leerling by Angelique se skool. Beide meisies was baie vol vetroue en baasspelerig en Angelique het net daar besluit dat sy nie Thandeka gehou het nie. Angelique was van natuur 'n sterk leier en daarom kon sy almal in haar groep oorreed om vir Thandeka, wat van Corona Virus herstel het, soos 'n buitestander te laat voel.

Eendag, op 'n buitekampuitstappie, het Thandeka besluit om vir haarsalf op te staan. Sy het op Angelique gekree, toe sy vir haar begin lag het en negatiewe aanmerkings maak, maar Angelique het dit ontken. Gelukkig het een van die leerders opgestaan in verdediging van Thandeka oor al die afknouery van Angelique. Dit was die einde van al die lelike en negatiewe dinge, en Angelique het die beheer wat sy oor die ander meisies gehad het, verloor. Almal het toe herken dat hulle deel was van die afknouery.

Die kamp direkteur het alleen met Angelique gesels en agter gekom dat sy as kind eintlik 'n uitblinker in akademie en sport was, en daarom baie gelukkig en veilig gevoel het. Dinge het lelik begin skeef loop toe haar pa in 'n motor ongeluk gesterf het. Sy het met 'n sterk groep meisies bevriend geraak want dit het voorgekom asof niks hull ein die lewe onderkry nie en sy wou soos hulle wees. Sy het 'n besluit geneem om die swakker meisies te intimideer en kort voor lank was sy gereeld in bakleiry betrokke.

Die kamp direkteur het met die groep gesels en verduidelik dat Angelique se gedrag was weens haar emosionele trauma wat sy deurgemaak het. Angelique was kwaad vir haar vriende maar het besef dat hulle ook bang was om deur haar afgeknou te word. Na alles het Angelique besluit om vir Thandeka en die ander meisies omverskoning te vra. Angelique en Thandeka het aan die einde van die dag 'n sterk vriendskap gevorm.

**Antwoord die volgnede vrae:**

6.1 Hoe het Angelique dit reg gekry om al haar vriende te oortuig om Thandeka te ignoreer? (2)

____________________________________________________

6.2 Wat het veroorsak dat die afknouery opgehou het? (2)

____________________________________________________

6.3 Waarom het Angelique se vriende saam gespeel om Thandeka te boelie? (2)

__________________________________________________________

____________________________________________

6.4 Noem die TWEE redes wat gely het tot Angelique se intimiderende houding? (2)

__________________________________________________________

____________________________________________

6.5 Wat het Angelique besef? (2)

__________________________________________________________

____________________________________________

6.6 Kan jy identifiseer met iemand in die storie? Miskien was jy al geboelie of miskien het jy iemand anders geboelie? Miskien was jy deel van 'n groep wat ander geboelie het, of, moontlik, het jy opgestaan vir iemand wat geboelie was? Skryf 'n paar reëls wat jou ervaring of gedagtes hieroor is? (3)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

__________________

6.7 Was dit 'n goeie idee vir die kamp direkteur om met Angelique te praat? Waarom? (3)

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

____________________________________

6.8 Het Corona Virus jou en jou familie op enige manier geraak? Verduidelik. (2)

______________________________________________________________________________

_____________________________________________________

6.9 Is dit regverdig om iemand te behandel soos Angelique vir Thandeka behandel het? Hoekom? (2)

______________________________________________________________________________

_____________________________________________________

**Aktiwiteit 7:**

Bestudeer die onderstaande plakkaat oor die Konsep van Self-Bestuur Vaardighede.

Bly positief in die tyd van inperking en beantwoord die vrae wat volg:




7.1 Wat beteken inperking vir jou? (2)

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________

7.2 Wat het jy tydens inperking gedoen, wat jy nooit voorheen gedoen het nie? (3)

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

__________________________________________________

7.3 Voeg iets by die plakkaat wat belangrik is om positief te bly tydens die inperking? (1)

___________________________________________________________________

7.4 Maak jou eie plakkaat, soos die een hierbo, met jou eie verantwoordelikhede/ pligte, om te verseker dat jy nie vergeet wat jy elke dag moet doen nie. (6)

>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>